

16 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:1-10

Fokusgedeelte: NGB, Art 24

Geloofsoefening

Die ongelooflike potensiaal van die nuwe lewe wat God jou gee is soos 'n valskerm. Dit bly moeilik hanteerbare bagasie totdat dit ontplooi word. Eers as jou geloofsluwe ontplooi, besef 'n mens die heerlike rykdom daarvan!

In elkeen van ons is daar egter 'n ou sondige mens wat nie die nuwe lewe wat God gee wil ontplooi nie. Soos 'n lui atleet wil hierdie deel van ons nie oefen nie, maar eerder elke keer terugsak in die sagte matras van sondige selfdiens (Spr 6:10): "Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou en bly lê, en daar oorval die (geestelike) armoede jou soos 'n rower."

Net soos fisiese oefening vra geloofsoefening ook beplanning, tyd, dissipline, herhaling en volharding. Deur 'n voortdurende proses van inspanning en rus, inspanning en rus word jy geestelik al fikser en meer diensbaar in God se koninkryk. Geloofstake wat vroeër vir jou onmoontlik gelyk het kom binne jou bereik.

Eintlik het jy al klaar begin deur vandag tyd af te sonder vir die Here. Jy moet besef dat jy met elke daad wat jy in toewyding aan God verrig, elke keer as jy iets doen omdat jy God se kind is, geestelik oefen (vers 7-8). Identifiseer doelbewus elke dag sulke take en pak hulle aan. Só sal jou geloof al meer deur liefde tot daad oorgaan en sal jy begin beleef hoe ryk die belofte van nuwe lewe in jou nou EINTLIK is (vers 9): "Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word."

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)